



Gesalfdes van die Here

SKRIFGEDEELTE: 2 KORINTIËRS 1:12-24
FOKUSGEDEELTE: 2 KORINTIËRS 1:20-21

Op twyfeldae kom die vraag soms: Is ek werklik 'n kind van God? Sal ek ook sy beloftes ontvang? Op sulke dae het ons nodig om die woorde van vers 20 te hoor: "Hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Christus is hulle ja en in Christus is hulle amen" (DAV).

Met ander woorde: God se beloftes is absoluut betroubaar en wie daaraan sou twyfel, moet maar net na Christus kyk. Christus, die gekruisigde, is die bewys dat God se beloftes vas en seker is, dat dit ja en amen is.

Hoe weet ek dat daardie beloftes ook vir my geld? Weereens antwoord die Here in vers 21. Hy sê: Ek het jou lewe aan Christus vasgebind (gevestig). So seker as wat Christus gesterf het en begrawe is en uit die dood opgestaan het, so seker het Ek jou my kind gemaak. Jy hoef nie te twyfel nie.

Daarby het Ek jou gesalf, sê die Here. Soos God in Bybelse tye mense met olie laat salf het as teken dat Hy hulle vir sy diens afsonder, so het Hy ook ons vir sy diens afgesonder. En as teken daarvan

het Hy ons laat doop.

Behoort jy regtig aan die Here? Wel, by jou doop het Hy jou gesalf, jou amptelik vir Hom opsy gesit. Sê dit dan vir jou niks nie? En daarna het Hy jou eintlike salwing laat plaasvind: Hy het sy Gees in jou hart gestuur.

Waar wil jy 'n beter bewys hê dat jy God se kind is? Daar is mos geen rede vir twyfel nie.



Publikasie
Publication



Nr./No.: H17